November 2021
Select-plan

Geagte Lid

**VOORDELE VIR WERKENDE LEDE EN PENSIOENARISSE VIR 2022**

Transmed stel hiermee die Fonds se voordele vir 2022 bekend. ‘n Voordelegids is saam met hierdie brief ingesluit om u te help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u gekose plan die beste te bestuur, asook ‘n plankeusevorm om in te vul indien u u voordeelplan in 2022 wil verander. Die voltooide vorm moet die Fonds teen nie later nie as 31 Desember 2021 bereik. Lees asseblief die inligting wat voorsien is sorgvuldig deur voor u u voordeelplan vir 2022 bevestig.

**Voordeellimiete**

Die meeste individuele voordeellimiete is verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

**Prosteselimiet**

Die prosteselimiet vir die herstel van endovaskulêre aneurismes (EVAR) is verhoog in lyn met die huidige koste van die tegnologie.

‘n Nuwe voordeellimiet is vir transkateter-aortaklepinplanting (TAVI) geskep.

**Grootskaalse mediese voordeel**

Hierdie voordeel is nou uitgebrei om noodbehandeling, insluitend konsultasies en prosedures in ‘n nood- of ongevalle-eenheid vir kinders onder die ouderdom van 12 te dek, onderhewig aan voorafmagtiging.

*Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediens-departement by 0800 450 010 en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.*

**Bydraes vir 2022**

Ten spyte van die uitdagings wat die gesondheidsorgbedryf in die gesig gestaar het as gevolg van COVID-19-verwante kostes in 2021, was Transmed in staat daartoe om bydraeverhogings op hierdie plan tot ‘n algehele verhoging van 9.5% te beperk. Die voordelegids vir 2022 voorsien volle besonderhede oor die bydraes.

*Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.*

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by 0800 225 151) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens ‘n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is elke dag vir alle toelatings beskikbaar en na-ure, oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle. Dit vul die 24-uur-noodlyn (tolvry by 0800 115 750) aan, waar ‘n ambulans in die geval van ‘n mediese noodgeval versoek kan word.

*Vervolg op keersy*

Traduna House, 118 Jorissen Street, Braamfontein 2001 PO Box 2269, Bellville 7535
Traduna House, Jorrisenstraat 118, Braamfontein 2001 Posbus 2269, Bellville 7535
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2020 or/of 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2024 or/of 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/ Werkende Lede en Pensioenarisse)
Enquiries/Navrae: Tel: 011 381 2026 (Service Providers or/of Diensverskaffers)
Fax/Faks 011 381 2041/2 Email/Epos enquiries@transmed.co.za Website/Webtuiste: www.transmed.co.za

**Persoonlike inligting**

Dit is belangrik dat die Fonds u korrekte inligting het om te verseker dat u kommunikasie van die Fonds af in die pos en per SMS en e-pos ontvang. Deur u inligting by te werk sal nie net verseker dat ons rekords op datum bly nie, maar sal ons ook bystaan om die kwaliteit van ons diens aan u verder te verbeter.

Indien enige van u kontakbesonderhede, soos u pos- of e-posadres of telefoonnommers verander, of indien hierdie besonderhede nie aan die Fonds voorsien is nie, bring asseblief u inligting op datum. U kan u kontakbesonderhede op datum bring deur met Transmed in verbinding te tree deur een van die volgende kanale:

- Kliëntediensdepartement: 0800 450 010
- E-pos: membership@transmed.co.za
- Faks: 011 381 2041/42
- Pos: Premiebestuur, Posbus 2269, Bellville 7535.

**Beskerming van persoonlike inligting**

Die regulasies op die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (POPIA) het op 1 Julie 2021 in werking getree.

Die doel van POPIA is om u reg op privaatheid te beskerm en te reguleer hoe persoonlike inligting deur openbare en privaat organisasies verwerk word.

Dit is belangrik dat Transmed u en, ewe belangrik, enige van u volwasse afhanklikes se jongste kontakbesonderhede op rekord het. Volgens wet word enige persoon oor die ouderdom van 18 as ‘n volwassene beskou en die POPIA-privaatheidswet gee u volwasse afhanklikes dus ook die reg op vertroulikheid van hul Transmed-lidmaatskapinligting.

U kan u en u afhanklikes se kontakbesonderhede op datum bring deur met Transmed in verbinding te tree deur een van die volgende kanale:


- Kliëntediensdepartement: 0800 450 010
- E-pos: membership@transmed.co.za
- Faks: 011 381 2041/42
- Pos: Premiebestuur, Posbus 2269, Bellville 7535.

**Ten slotte**

COVID-19 het die lewens van baie van ons lede en hul gesinne geraak. Alhoewel dit voorkom asof ons oor die ergste fase van die derde vlaag van die pandemie is, moedig Transmed u nogtans aan om voort te gaan om die nodige voorkomingsmaatreëls te volg om infeksie te voorkom. Onthou asseblief ook dat die Fonds ten volle betaal vir COVID-19-inentings vir u en u geregistreerde afhanklikes wat vir inenting in aanmerking kom.

Ek wil u en u gesin namens die Raad van Trustees ‘n gesonde en voorspoedige 2022 toewens.

Vriendelike groete



**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE